



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GESKIEDENIS V1**

**NOVEMBER 2023**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE AMERIKAANSE BURGERREGTEBEWEGING

**AFDELING B: OPSTELVRAE**

VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.
3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.
4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:
  - 4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.
  - 4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.
5. Jy word aangeraai om EEN uur per vraag te bestee.
6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.
7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.
8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

**VRAAG 1: HOE HET BERLYN IN 1948 'N FOKUSPUNT VAN KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE SOWJETUNIE (USSR) EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) GEWORD?**

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

## 1.1 Verwys na Bron 1A.

- 1.1.1 Identifiseer in die bron DRIE lande wat die Europese Advieskommissie ('European Advisory Commission') gevorm het. (3 x 1) (3)
- 1.1.2 Waarom, volgens die bron, is daar in Februarie 1945 by Jalta besluit om ook 'n sone vir Frankryk in Duitsland te skep? (1 x 1) (1)
- 1.1.3 Verduidelik waarom jy dink die besettingslande moes seker maak 'dat die Duitsers nie in staat sou wees om weer 'n militêre mag op te bou nie'. (1 x 2) (2)
- 1.1.4 Lewer kommentaar op die implikasies daarvan om die stad Berlyn in die Sowjet-sone te hê, in die konteks van Koue Oorlog-spanning in 1948 tussen die USSR en die VSA. (2 x 2) (4)

## 1.2 Lees Bron 1B.

- 1.2.1 Definieer die term *blokkade* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 1.2.2 Verduidelik waarom jy dink die VSA die Berlynse Blokkade as 'n 'duidelike oortreding van bestaande ooreenkomste oor die administrasie van Berlyn' beskou het. (2 x 2) (4)
- 1.2.3 Haal DRIE redes uit die bron aan waarom die VSA vasberade was om as 'n mag in Berlyn aan te bly. (3 x 1) (3)
- 1.2.4 Noem EEN spesifieke verpligting, volgens die bron, waarop die VSA aangedring het met betrekking tot die fisiese welstand van die bevolking van sy sektor in Berlyn. (1 x 1) (1)
- 1.2.5 Lewer kommentaar op waarom die VSA klem gelê het op sy bereidwilligheid om enige meningsverskille met die USSR deur onderhandelinge te skik. (2 x 2) (4)

- 1.3 Gebruik Bron 1C.
- 1.3.1 Gee TWEE redes, volgens die bron, waarom die Sowjetunie die bekendstelling van 'n spesiale geldeenheid wat slegs in die westelike deel van Berlyn gebruik sou word, teengestaan het. (2 x 1) (2)
- 1.3.2 Verduidelik die konsep *monetêre hervorming* in die konteks van die Berlyn-sones in 1948. (1 x 2) (2)
- 1.3.3 Waarom, volgens die bron, het die Sowjet-bevelvoerders, geglo dat die gevaar van die ontwrigting van ekonomiese aktiwiteite van die Sowjet-sone en Berlyn, nie uitgeskakel was nie? (1 x 2) (2)
- 1.3.4 Lewer kommentaar op die beperkings van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat navorsing oor die verdeling van Berlyn doen. (2 x 2) (4)
- 1.4 Raadpleeg Bron 1B en 1C. Lewer kommentaar op hoe Bron 1B van Bron 1C verskil met betrekking tot redes wat die VSA en USSR aangevoer het om in 1948 as besettingsmagte in Berlyn aan te bly. (2 x 2) (4)
- 1.5 Raadpleeg Bron 1D.
- 1.5.1 Verduidelik die simboliese voorstelling van die drie leiers wat langs mekaar sit in die konteks van die Koue Oorlog. (1 x 2) (2)
- 1.5.2 Waarom wou Rusland (Stalin) finale seggenskap oor die administrasie van Berlyn gehad het? (1 x 2) (2)
- 1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe Berlyn in 1948 'n fokuspunt van Koue Oorlog-spanning tussen die Sowjetunie (USSR) en die Verenigde State van Amerika (VSA) geword het. (8) **[50]**

**VRAAG 2: WATTER FAKTORE HET TOT DIE BETROKKENHEID VAN DIE DRIE NASIONALISTIESE BEWEGINGS (MPLA, FNLA EN UNITA) BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG IN 1975 GELEI?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

**2.1 Gebruik Bron 2A.**

- 2.1.1 Definieer die term *rewolusie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 2.1.2 Identifiseer in die bron die DRIE nasionalistiese bewegings wat die beheer van Angola na onafhanklikheid betwis het. (3 x 1) (3)
- 2.1.3 Noem TWEE kommunistiese lande in die bron waarmee Neto noue bande gevorm het. (2 x 1) (2)
- 2.1.4 Wat dui die teregstelling van Nito Alves se volgelinge aan oor Neto se leierskap? (1 x 2) (2)

**2.2 Lees Bron 2B.**

- 2.2.1 Waarom, dink jy, is hierdie foto in Desember 1975 geneem? (2 x 2) (4)
- 2.2.2 Lewer kommentaar op die implikasie van die titel van die foto, 'Angola se Wreedaardige Geskiedenis, en die Rol van die MPLA daarin' ('Angola's Brutal History and the MPLA's Role in it'). (1 x 2) (2)

**2.3 Gebruik Bron 2C.**

- 2.3.1 Waarom, volgens die bron, het die oorgang vanaf Portugese bewind in Angola in 'n ramp verander? (1 x 2) (2)
- 2.3.2 Verduidelik die term *burgeroorlog* in die konteks van die magstryd oor Angola. (1 x 2) (2)
- 2.3.3 Lewer kommentaar op die betekenis van die stelling: 'Albei was egter vasberade, vir redes van hulle eie prestige (aansien) ...', in die konteks van hulle betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog. (2 x 2) (4)
- 2.3.4 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat die Angolese Burgeroorlog bestudeer. (2 x 2) (4)

- 2.4 Bestudeer Bron 2D.
- 2.4.1 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat die MPLA tot nasionalisme en sosialisme geneig was. (1 x 2) (2)
- 2.4.2 Verduidelik wat jy dink met die volgende in die konteks van die Angolese Burgeroorlog geïmpliseer word: 'Konflik was op etniese gronde gebaseer'. (1 x 2) (2)
- 2.4.3 Waarom, volgens die bron, het die Amerikaanse Intelligensiediens (CIA) die FNLA ondersteun? (1 x 1) (1)
- 2.4.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op waarom jy dink Suid-Afrika besluit het om UNITA te ondersteun. (2 x 2) (4)
- 2.4.5 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat te kenne gee dat die MPLA nie die lewens van die Angolese mense verbeter het nie. (2 x 1) (2)
- 2.5 Verwys na Bron 2C en 2D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2C die inligting in Bron 2D ondersteun met betrekking tot die benadering wat deur die drie nasionalistiese bewegings gevolg is. (2 x 2) (4)
- 2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) en verduidelik die faktore wat tot die betrokkenheid van die drie nasionalistiese bewegings (MPLA, FNLA en UNITA) by die Angolese Burgeroorlog in 1975 gelei het. (8)
- [50]**

**VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET DIE BURGERREGTEBETOGERS, WAT IN DIE 1960's AAN DIE VRYHEIDSRITTE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) DEELGENEEM HET, TEËGekom?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

- 3.1 Verwys na Bron 3A.
- 3.1.1 Hoe, volgens die bron, het die Vryheidsryers beplan om rassediskriminasie in 1961 in die VSA uit te daag? (1 x 2) (2)
- 3.1.2 Definieer die term *grondwet* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 3.1.3 Lewer kommentaar op wat bedoel word met die stelling: 'Hulle het ook geweet dat hulle beseer of selfs doodgemaak kon word as hulle sou probeer om daardie reg [om saam te reis] uit te oefen'. (1 x 2) (2)
- 3.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom President John F Kennedy dadelik opgetree het om die VSA te desegreger. (2 x 2) (4)
- 3.2 Gebruik Bron 3B.
- 3.2.1 Verduidelik waarom jy dink hierdie koerantberig voorbladnuus gehaal het. (1 x 2) (2)
- 3.2.2 Waarom, dink jy, was die titel van hierdie berig: 'Onmenslik!?' (2 x 2) (4)
- 3.2.3 Lewer kommentaar op waarom die vlamme en rook vanuit die bus 'Die Vlamme van Haat!' genoem is. (1 x 2) (2)
- 3.3 Lees Bron 3C.
- 3.3.1 Wat, volgens die bron, het Zwerg en sy kollegas gemotiveer om by die Vryheidsritte betrokke te raak? (1 x 1) (1)
- 3.3.2 Gee TWEE opsies, wat deur Zwerg genoem is, wat aktiviste sou neem indien hulle tronk toe sou gaan omdat hulle aan die Vryheidsritte deelgeneem het. (2 x 1) (2)
- 3.3.3 Waarom sou 'n geskiedkundige hierdie bron as betroubaar beskou wanneer die 1961 Vryheidsritte in die VSA nagevors word? (2 x 2) (4)

- 3.4 Bestudeer Bron 3D.
- 3.4.1 Gee DRIE redes in die bron waarom die betogers ná die busontploffing hospitaal toe geneem is. (3 x 1) (3)
- 3.4.2 Lewer kommentaar op wat met Goewerneur Patterson se stelling met betrekking tot die Vryheidsryers geïmpliseer word: 'Enige betogers in hierdie staat sal geen polisiebeskerming kry nie'. (2 x 2) (4)
- 3.4.3 Haal bewyse uit die bron aan wat aandui dat die hospitaal nie die beseerde Vryheidsryers behandel of aanvaar het nie. (2 x 1) (2)
- 3.4.4 Verduidelik die term *segregationis* in die konteks van die staat van Alabama. (1 x 2) (2)
- 3.4.5 Gee TWEE bewyse uit die bron wat aandui dat Goewerneur Patterson 'n 'militante segregationis' was. (2 x 1) (2)
- 3.5 Raadpleeg Bron 3C en 3D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3C ondersteun word deur die inligting in Bron 3D met betrekking tot die behandeling van die Vryheidsryers. (2 x 2) (4)
- 3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) en verduidelik die uitdagings wat die burgerregtebetogers, wat in die 1960's aan die vryheidsritte in die VSA deelgeneem het, teëgekom het. (8) [50]

**AFDELING B: OPSTELVRAE**

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae in hierdie afdeling NIE.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees

**VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM**

Die taktieke wat Viëtkong gedurende die oorlog in Vietnam tussen 1963 en 1975 gebruik het, was suksesvol om die strategieë van die VSA ondoeltreffend te maak.

Bespreek hierdie stelling krities en gebruik relevante geskiedkundige bewyse om jou argument te ondersteun.

**[50]****VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO**

Mobutu Sese Seko se politieke, ekonomiese en kulturele beleide het die Kongo na onafhanklikheid in die 1960's positief verander.

Stem jy met die stelling saam? Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun.

**[50]****VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING**

Verduidelik tot watter mate die Swartmagbeweging afhanklik was van gewelddadige, radikale en militante strategieë om diskriminasie in die VSA te beëindig.

Gebruik relevante geskiedkundige bewyse om jou argument te ondersteun.

**[50]****TOTAAL: 150**



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GESKIEDENIS V1**

**NOVEMBER 2023**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

**VRAAG 1: HOE HET BERLYN IN 1948 'N FOKUSPUNT VAN KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE SOWJETUNIE (USSR) EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) GEWORD?****BRON 1A**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n boek met die titel *The Berlin Wall: How It Rose and Why It Fell* (1992). Dit lê klem op die ooreenkomste wat deur die oorwinningsmagte ten opsigte van die administrasie van Duitsland na die Tweede Wêreldoorlog bereik is.

Selfs voordat die oorlogswapens stilgemaak is, het die Europese Advieskommissie ('European Advisory Commission') – 'n groep wat deur die Verenigde State van Amerika, Brittanje en die Sowjetunie gestig is – begin om die besetting van Duitsland te beplan. Destyds is besluit dat Duitsland in drie sones verdeel sou word, een vir elke land, behalwe Frankryk.

Later by 'n konferensie wat in Februarie 1945 by Jalta gehou is, kon die Amerikaanse President, Franklin D Roosevelt, en die Britse Eerste Minister, Winston Churchill, die Sowjetleier, Joseph Stalin, oortuig om 'n sone vir Frankryk te skep, wat in sewentig jaar drie invalle en twee nederlae aan die hand van Duitsland beleef het. Elkeen van hierdie vier sones sou deur die land wat die area/gebied beset, geadministreer word.

President Roosevelt het op 12 April 1945 gesterf, en die presidentskap van die Verenigde State van Amerika het na Harry Truman oorgegaan. Truman, Churchill en Stalin het op 17 Julie 1945 by Potsdam, naby Berlyn, ontmoet. Dit was by hierdie vergadering waar die finale besluite geneem is oor hoe Duitsland georganiseer moet word en waar sy grense getrek sou word. Die Geallieerdes het oor 'n grens in die weste saamgestem; 'n tydelike grens vir die oostekant sou die Oder- en westelike Neisse-rivier wees. Elke besettingsland moes seker maak dat die Duitsers nie in staat sou wees om weer 'n militêre mag op te bou nie.

Die stad Berlyn, 110 myl binne die oostelike sone van die Sowjette, het 'n spesiale area vir gesamentlike viermagbeheer geword ... Voordat die Sowjet-weermag amptelik beheer van sy sone oorgeneem het, was daar 'n finale stormloop van mense uit die ooste na die weste. Hulle het gevrees dat die Russe 'n veiliger grens, een waar dit onmoontlik sou wees om deur te gaan, sou oprig.

[Uit *The Berlin Wall: How It Rose and Why It Fell* by DM Epler]

**BRON 1B**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit *The Berlin Crisis: A Report on the Moscow Discussions, 1948* deur die Amerikaanse departement van buitelandse sake ('US Departement of State') wat op 6 Julie 1948 aan die verteenwoordigers van die USSR in Washington, Londen en Parys voorgehou is. Dit dui die Verenigde State se reaksie teen die Berlynse Blokkade aan.

Die regerings van die Verenigde State, Verenigde Koninkryk en Frankryk het besluit om formele verhoë aan die regering van die USSR te rig. Die Sowjet-regering is ingelig dat die Verenigde State die blokkade-maatreëls as 'n 'duidelike oortreding van bestaande ooreenkomste oor die administrasie van Berlyn deur die vier besettingsmagte' beskou het.

Die regering van die Verenigde State van Amerika het dit kategories (ferm) gestel dat dit sy eie sektor van Berlyn beset het, met vrye toegang daartoe 'as 'n kwessie van gevestigde reg, wat van die nederlaag en uitlewering van Duitsland afgelei is, en deur formele ooreenkomste tussen die hoof-Geallieerdes bevestig is'.

Die Verenigde State het ook uitdruklik verklaar dat dit 'nie deur dreigemente, druk of ander aksies gedruk sou word om hierdie regte te verbeur nie'.

Met inagneming hiervan, saam met die verantwoordelikheid vir die fisiese welstand van die bevolking in sy sektor van Berlyn, honderdduisende vroue en kinders ingesluit, was die Verenigde State verplig om daarop aan te dring 'dat die reëlins vir die beweging van vrag en passassiersverkeer tussen die westelike sones en Berlyn volgens bestaande ooreenkomste ten volle herstel word'.

Die Verenigde State het weereens sy bereidwilligheid beklemtoon om deur onderhandelinge te skik, of deur enige van die ander vreedsame metodes soos in artikel 33 van die Handves van die Verenigde Nasies voorsiening gemaak word.

Die Verenigde State het spesifiek aangebied om aan onderhandelinge tussen die vier geallieerde besettingsowerhede in Berlyn deel te neem, sodra die blokkademaatreëls opgehef is.

[Uit *The Berlin Crisis: A Report on the Moscow Discussions, 1948*]

**BRON 1C**

Die bron hieronder, gedateer 14 Julie 1948, is 'n Sowjetunie-reaksie op die Verenigde State se nota wat op 6 Julie 1948 aan die Sowjetunie se verteenwoordigers gestuur is. Dit beskryf kortliks die stappe wat die Sowjet-bevelvoerders sou neem om sy beheer oor Berlyn te verdedig.

Berlyn is in die middel van die Sowjet-sone geleë en maak deel uit van daardie sone. Die belange van die Berlynse bevolking laat nie 'n situasie toe waar daar in Berlyn of slegs in die westelike sektore van Berlyn 'n spesiale geldeenheid bekend gestel sal word, wat nie in die Sowjetsone geldig is nie. Bowendien het die uitvoer van 'n aparte monetêre (finansiële) hervorming in die westelike sone van Duitsland vir Berlyn en die hele Sowjet-sonebesetting in 'n situasie geplaas waar gedreig is om al die geldnote, wat in die westelike sone gekanselleer is, in Berlyn en die Sowjetsone-besetting te stort.


Die Sowjet-bevelvoerders is daarom gedwing om sekere dringende maatreëls vir die beskerming van die belange van die Duitse bevolking, sowel as vir die ekonomie van die Sowjetbesettingsone en die gebied van die 'Groter Berlyn' te aanvaar. Die gevaar van hierdie ontwrigting van die ekonomiese aktiwiteite van die Sowjetsone en van Berlyn is tot op hede nog nie uitgeskakel nie, in soverre die Verenigde State, Groot Brittanje en Frankryk voortgaan om hulle spesiale geldeenheid in Berlyn te behou.

Verder het die Sowjet-bevelvoerders aanhoudend hulle kommer oor die welstand van die Berlynse bevolking geopenbaar en openbaar dit steeds, en hulle verseker dat alle lewensnoodsaaklike middele voorsien sal word. Hulle lê hulle ook daarop toe om probleme, wat onlangs in hierdie saak ontstaan het, so gou moontlik uit te skakel. In hierdie verband, indien die situasie dit vereis, sal die Sowjetregering nie daarteen gekant wees om op sy eie manier vir die hele 'Groter Berlyn' voldoende voorraad te verseker nie.

[Uit *The Berlin Crisis: A Report on the Moscow Discussions, 1948*]

**BRON 1D**

Die bron hieronder met die titel UNTER DEN LINDEN (Onder die Lindebome) deur SJ Ray, is op 2 Desember 1948 in die Amerikaanse *Kansas City Star*-koerant gepubliseer. Dit beeld Stalin uit, wat Berlyn in twee dele sny.



[Uit *Kansas City Star*, 2 Desember 1948]

**STALIN**

**RUSSIESE OOREENKOMS OM TE BEMIDDEL** – Verwys na Rusland (Stalin) wat die finale woord het om die gesamentlike administrasie van Berlyn deur die Geallieerdes te beëindig

**VRAAG 2: WATTER FAKTORE HET TOT DIE BETROKKENHEID VAN DIE DRIE NASIONALISTIESE BEWEGINGS (MPLA, FNLA EN UNITA) BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG IN 1975 GELEI?****BRON 2A**

Die bron hieronder verduidelik in breë trekke hoe Agostinho Neto onder die 'Popular Movement for the Liberation of Angola' (MPLA) beheer gekry het oor Angola nadat die land op 11 November 1975 volle onafhanklikheid van Portugal verkry het.

Na die Angeliere-revolusie ('Carnation Revolution') (wat Salazar se opvolger, Marcelo Caetano, onttroon het) gedurende April 1974 in Portugal het drie politieke faksies om mag in Angola meegeding. Een van die drie was die 'Popular Movement for the Liberation of Angola' (MPLA), waaraan Agostinho Neto behoort het. Angola het op 11 November 1975 volle onafhanklikheid van Portugal verkry, en Neto het die leier van die nasie geword, nadat die MPLA Luanda ten koste van die ander vryheidsbewegings beset het. Hy het 'n eenpartystaat gestig en sy regering het nou bande met die Sowjetunie en ander nasies in die Oosblok en ander kommunistiese state ontwikkel, in besonder Kuba, wat die MPLA aansienlik in sy oorlog teen die 'National Front for the Liberation of Angola' (FNLA), die 'National Union for the Total Independence of Angola' (UNITA) en Suid-Afrika gehelp het.

... As gevolg hiervan het hy 'n beweging wat later die naam 'Fractionism' gehad het, wat in 1977 gepoog het om 'n staatsgreep uit te voer (huidige regering omverwerp), gewelddadig onderdruk soos geïnspireer deur die 'Organização dos Comunistas de Angola'. Tienduisende ondersteuners (of beweerde ondersteuners) van Nito Alves is oor 'n tydperk van tot twee jaar, in die nadraai van die staatsgreppoging vermoor

[Uit <https://kwekudee-tripdownmemorylane.blogspot.com/2014/01/agostinho-neto-pan-african-culturalist.html?m=1>. Toegang op 22 Maart 2023 verkry.]

**BRON 2B**

Die foto hieronder met die titel 'Angola's Brutal History and the MPLA's Role in it', het in die *Guardian*-koerant van 5 Mei 2014 verskyn. Dit is in Desember 1975 geneem en beeld soldate van die 'Popular Movement for the Liberation of Angola' (MPLA) uit wat in die Angolese Burgeroorlog geveg het.



[Uit die *Guardian*-koerant, 5 Mei 2014]

**BRON 2C**

Die bron hieronder is geneem uit 'n boek met die titel *The First Dance of Freedom: Black Africa in the Post-War Era* deur 'n geskiedkundige, M Meredith. Dit beskryf in breë trekke die krisis wat deur Portugal gedurende die oorgang van mag in Angola geskep is.

Die oorgang (verandering) vanaf Portugese bewind in Angola het op 'n baie groter skaal tot 'n ramp gelei. Die onttrekking van die Portugese het alle pogings om die oorgang te beheer, oorboord gegooi. Op die vooraand van onafhanklikheid in November 1975, met 'n groot deel van die land in geweld gedompel, het die Portugese Hoë Kommissaris, Admiraal Leonel Cardoso, 'n kort seremonie in Luanda gehou waartydens hy aangekondig het dat hy die mag aan die 'Angolese mense' oorgedra het. Nie een enkele Angolees was teenwoordig om getuie te wees van hierdie verrigtinge nie.

Geen ernstige poging is ooit deur die nasionaliste gemaak om hulle verskille te besleg nie. Die magstryd in Angola is van die begin af eerder in terme van 'n gewapende stryd as deur politieke skikking uitgevoer. Op elke stadium van die konflik het elke faksie probeer voordeel trek deur by buitelandse belange te smee vir ondersteuning. Die twee hoof buitelandse magte wat by die konflik betrokke was, die Verenigde State en die Sowjetunie, het geen direkte strategiese belange in Angola gehad nie. Albei was egter vasberade, vir redes van hulle eie prestige (aansien) en omdat hulle bekommerd was oor die wêreldmagsbalans, om te verseker dat die Angolese faksies wat hulle ondersteun het, suksesvol was.

...die faksie wat die sterkste in militêre terme was, was Roberto se 'National Front for the Liberation of Angola' (FNLA). Sy guerrilla-weermag is geherorganiseer en met die hulp van President Mobutu se weermag heropgelei. 'The Popular Movement for the Liberation of Angola' (MPLA) ... was besig om uitmekaar te val.

[Uit *The First Dance of Freedom: Black Africa in the Post-War Era* by M Meredith]

**BRON 2D**

Die bron hieronder, met die titel *Africa since 1940: The Past of the Present*, is deur 'n geskiedkundige, F Cooper, geskryf. Dit verduidelik hoe ideologiese verskille tussen die drie nasionalistiese bewegings in Angola deur etniese verskille sowel as deur ondersteuning van buitelandse magte gevorm is.

Die 'Popular Movement for the Liberation of Angola' (MPLA), gelei deur Agostinho Neto, het deur nasionalistiese en sosialistiese lense na politiek gekyk. Andere het egter hulle leiers as mulattos\* beskou, verwyder van die sosiale instellings en netwerke waar die meeste mense gewoon het. Intussen het Bakongo, wat aan die Angolese kant van die grens met die Belgiese Kongo gewoon het, ook uit ballingskap in Angola getrek. Te midde van 'n plattelandse rewolusie het hulle uiteindelik die 'National Front for the Liberation of Angola' (FNLA) onder Holden Roberto georganiseer. Toe kom die 'National Union for the Total Liberation of Angola' (UNITA) wat deur Jonas Savimbi, afkomstig van die Ovimbundu-sprekende streek, georganiseer is. Sy klein kader ondersteuners, meestal van Protestantse sendingskole, het 'n deeglike plattelandse basis gehad. Konflik was op etniese gronde gebaseer (kultuurgebonde).

Die FNLA is deur Zaïre en die Amerikaanse Intelligensiediens (CIA) ondersteun, wat dit as die minste Marxisties van die drie beskou het ...UNITA het ondersteuning van Zambië en daarna van Suid-Afrika ontvang. Savimbi het in 'n oogwink sy ideologiese standpunt vanaf Maoïsme\*\* tot Reaganisme\*\*\* omgekeer en die Verenigde State het hulle ondersteuning tot UNITA bygevoeg ...

Die MPLA het die eienskappe van 'n Sowjetparty en die Afrika-hekwagterstaat gekombineer. Hulle ware bron van mag was oliereserwes wat vanuit gemilitariseerde areas gekom het. Nadat landbou moontlik deur 'n rewolusie omgekeer sou word, het dit min in die platteland gedoen behalwe om soldate te werf. Onderwys, gesondheid en ander dienste in die stede het gely. Die MPLA met sy oliereserwes en UNITA het met hulle oorlog voortgegaan.

[Uit *Africa since 1940: The Past of the Present* by F Cooper]

\*Mulattos is mense van gemengde herkoms van die Portugese (wit Europeërs) en Angolese (swart) in Angola.

\*\*Maoïsme word ook na verwys as die Mao Zedong-gedagtegang. Dit is 'n vorm van kommunisme wat deur Mao Zedong (Mao Tse Tung) ontwikkel is as 'n leerstelling om staatsbeheer deur 'n kombinasie van gewapende opstande (geweld), massamobilisering en strategiese alliansies te kaap. Dit het ook propaganda en vals inligting gebruik om sy leerstellings te bevorder.

\*\*\*Reaganisme verwys na 'n Amerikaanse beleid gebaseer op ekonomiese individualisme soos verkondig deur Ronald Reagan.

**VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET DIE BURGERREGTEBETOEGERS, WAT IN DIE 1960's AAN DIE VRYHEIDSRITTE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) DEELGENEEM HET, TEËGekom?****BRON 3A**

Die bron hieronder is geneem uit 'n boek, *Freedom Riders: 1961 and the Struggle for Racial Justice*, geskryf deur R Arsenault, 'n burgerregte-aktivis en militante studenteier. Dit beklemtoon die toegewydheid van die Vryheidsryers gedurende die 1960's.

In 1961 was die Vryheidsryers oorgehaal om die wêreld te verander. Hulle het dit gedoen deur eenvoudig op 'n bus te klim, nie as Swartes of Blankes wat deur 'n verouderde stelsel van rassediskriminasie beperk is nie, maar as vrye en volwaardige burgers van 'n demokratiese nasie.

Die Vryheidsryers het geweet dat die federale wet en Grondwet van die Verenigde State van Amerika hulle regte om saam te reis beskerm het, selfs tot in die Diep Suide, waar die plaaslike wette en gebruike rasseseiding gewettig het. Hulle het ook geweet dat hulle beseer of selfs doodgemaak kon word as hulle sou probeer om daardie reg uit te oefen. Toe onluste uitbreek het, het die potensiaal vir geweld 'n werklikheid geword en die nasie het in afgryse gereageer. Sonder om afgeskrik te word, het die Vryheidsryers aanhou kom, meer as vierhonderd altesaam, en die vryheidsbusse gevul en in die tronke van die Jim Crow Suide ingemarsjeer.

Die vasberade dapperheid en toewyding van die Vryheidsryers het niegewelddadige direkte optrede en opstande op voetsoolvlak tot in die middelpunt van die Amerikaanse openbare lewe gebring. Dit het tot 'n onvoorsiene regeringsreaksie op die ongrondwetlike skending van vryheid en burgerlike gelykheid gelei. Hierdie veelrassige, niegewelddadige weermag het John F Kennedy se administrasie gedwing om die onmiddellikheid van 'n burgerregtestryd, wat die wêreld se aandag getrek het, te konfronteer. Teen die einde van 1961 is 'n verreikende desegregasiebevel in werking gestel en die federale regering was besig om in die rigting van aktiewe betrokkenheid in die stryd vir rassegeregtigheid te beweeg.

[Uit *Freedom Riders: 1961 and the Struggle for Racial Justice* by R Arsenault]

**BRON 3B**

Die koerantberig hieronder is op 20 Mei 1961 in die *NEW YORK Amsterdam News* gepubliseer. Dit het 'n foto gebruik om doeltreffend verslag te doen oor die uitdagings wat Vryheidsryers met hulle betoging teen rassese segregasie in die Verenigde State van Amerika teëgekome het.



[Uit *NEW YORK Amsterdam News*, 20 Mei 1961]

**'The Flames of Hatred!/  
Die Vlamme van Haat!**

**BRON 3C**

Die bron hieronder is geneem uit 'n dokumentêr saamgestel deur Stanley Nelson, 'n skrywer en filmmaker, wat 'n onderhoud met Jim Zwerg gevoer het. Hy was een van slegs tien wit manlike studente van die Vryheidsryers, wat op 14 Mei 1961 'n bus vanaf Nashville na Orleans geneem het.

**Q:** Jy was betrokke by die Vryheidsritte ...

**Zwerg:** Wel, ons het gehoor van die 'Congress for Racial Equality' (CORE) Vryheidsrit, en ons het geweet dat John Lewis, 'n lid van ons organisasie, daarby betrokke sou wees. Ons het gehoor van die bus in Aniston wat gebrand het ... ons het 'n vergadering tot laat in die nag gehou kort nadat ons daarvan gehoor het. Die gevoel was dat as ons daardie oortreders van geweld laat glo dat mense sou ophou as hulle gewelddadig genoeg was, sou ons ernstige stappe terug neem.

Die gevoel, reg van die begin af, was dat ons op 'n rit moes gaan. Ons het dr. King gebel, ons het James Farmer gebel. Daar was 'n bewustheid dat ons fone afgeluister word, die gevoel was dus dat hulle geweet het wat ons sou doen. Ons plan het van CORE s'n verskil. Waar hulle hul busse gehuur het, sou ons net kaartjies kry en op die bus klim. Ons het gevoel dit was nog belangriker ... Daar is besluit dat ons twaalf mense sou stuur. Ek was een van 18 wat vrywillig aangebied het om te gaan. Ek is gevra waarom ek vrywillig aangebied het om te gaan ... Ek moet sê, op daardie oomblik, was dit nie eers 'n vraag nie. Dit was die regte ding vir my om te doen. Ek het nooit eers twee keer daarvoor gedink nie.

**Q:** Hoe was die reis?

**Zwerg:** ... Ek sou voor in die bus by Paul Brooks sit. Dit was 'n rustige reis, totdat ons by Birmingham se stadsgrense gekom het. Ons is deur die polisie afgetrek ... Hulle het op die bus geklim en gesê: 'Dit is 'n Vryheidsryersbus! Wie kom van Nashville af?' En die busbestuurder het na Paul en my gewys. Ons is al twee gearresteer, van die bus afgeneem en in 'n patrolliemotor gesit ... Een van die dinge waarvoor ons saamgestem het was dat wanneer ons gearresteer word, ons op 'n hongerstaking sou gaan omdat ons, soos ons gedink het, onwettig gearresteer is. Jy trek nie kop uit deur te pleit nie; jy betaal nie borg en kom los nie. Jy bly. Maar hier was ek. En ek het nie geweet wat met Paul gebeur het nie. Ek het nie geweet wat met die ander mense op die bus gebeur het nie ...

[Uit *PBS Home Video Freedom Riders BLU-RAY United States of America*.  
Gekyk op 12 Februarie 2023.]

**BRON 3D**

Die bron hieronder is deel van 'n onderhoud wat H Raines met H Thomas, 'n Vryheidsryer, gevoer het. Dit het in die boek *My Soul is Rested; Movement Days in the Deep South Remembered* verskyn. Dit fokus op die behandeling wat die beseerde Vryheidsryers in Alabama ervaar het.

Die bus het begin ontplof en baie mense is deur vlieënde glas gesny. Die meeste van ons is na die hospitaal vir rookinaseming geneem ... ek dink ek kon nie helder dink nie en was half deurmekaar, as gevolg van die rook en, o genade, ek kan steeds daai goed hier binne my ruik. Jy bereik 'n punt waar jy begin bewerig raak.

Die mense by die hospitaal wou niks vir ons doen nie. Hulle wou nie. En ek het gesê: 'Julle is dokters, julle is mediese personeel'. Hulle wou nie. Goewerneur Patterson het op die staatsradio gegaan en gesê: 'Enige betogers in hierdie staat sal geen polisiebeskerming kry nie.' En daarna het die skare begin om buite die hospitaal saam te drom, en die hospitaal het vir ons gesê om te gaan. En ons het gesê: 'Nee, ons gaan nie buitentoe nie.' 'n Karavaan van Birmingham, omtrent 'n vyftienmotor-karavaan, gelei deur Eerwaarde Fred Shuttlesworth, het vanaf Birmingham gekom om ons uit te kry ...

Hiervoor kon hulle gedeeltelik vir Goewerneur John Patterson dankie sê. Hy is 'n militante segregasionis wat die Ku Klux Klan se ondersteuning vir sy verkiesingsveldtog gevra het, en hy het op 'n keer gesê dat integrasie slegs 'oor sy dooie liggaam' na Alabama sou kom. In sy intreerede (eerste toespraak) het Patterson verklaar: 'Ek sal dit teenstaan met elke greintjie energie wat ek besit, en alle mag tot my beskikking gebruik om enige vermenging van wit en Negerrasse in die klaskamers van hierdie staat te keer.' Terwyl die Vryheidsryers nader gekom het, het hy gesê: 'Die mense van Alabama is so kwaad dat ek nie beskerming vir hierdie klomp moeilikheidmakers kan waarborg nie.'

[Uit *My Soul is Rested: Movement Days in the Deep South Remembered* deur H Raines]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem :

Arsenault, R. 2006. *Freedom Riders: 1961 and the Struggle for Racial Justice* (Oxford University Press Inc., New York)

Cooper, F. 2002. *Africa since 1940: The Past of the Present* (Cambridge University Press, USA.)

Epler, DM. 1992. *The Berlin Wall: How It Rose and Why It Fell* (The Millbook Press, Connecticut, USA)

<https://kwekudee-tripdownmemorylane.blogspot.com/2014/01/agostinho-neto-pan-african-culturalist.html?m=1>

*Guardian*-koerant, 5 Mei 2014

*Kansas City Star*. 2 Desember 1948

Meredith, M. 1985. *The First Dance of Freedom: Black Africa in the Post-War Era* (Abacus, UK)

*NEW YORK Amsterdam News*, 20 Mei 1961

*PBS Home Video Freedom Riders BLU-RAY United States of America*

Raines, H. 1983. *My Soul is Rested: Movement Days in the Deep South Remembered* (Penguin Publishers, London)

*The Berlin Crisis: A Report on the Moscow Discussions, 1948. The Department of State.* (US Government Printing Office. Washington DC)



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GESKIEDENIS V1**

**NOVEMBER 2023**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 29 bladsye.**

**1. 1. BRONGEBASEERDE VRAE****1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

Kognitiewe Vlakke	Historiese vaardighede	Gewigstoekening van vrae
<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek inligting uit bronne</li> <li>• Selektoring en organisasie van relevante inligting uit bronne</li> <li>• Definieer historiese begrippe/terme</li> </ul>	<b>30% (15)</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Interpretasie van bewyse uit bronne</li> <li>• Verduidelik inligting uit bronne</li> <li>• Analiseer bewyse uit bronne</li> </ul>	<b>40% (20)</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne</li> <li>• Raak betrokke by bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel</li> <li>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings</li> </ul>	<b>30% (15)</b>

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekening van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekening bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrafe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies (✓) wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en lewer kort kommentaar, bv.

√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om 'n basiese paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv.  $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne)  
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL**-struktuur in gedagte by die assessering van 'n opstel.

<b>P</b>	<b>Punt:</b> Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt. Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun.
<b>E</b>	<b>Verduideliking:</b> Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is.
<b>E</b>	<b>Voorbeeld:</b> Die kandidaat moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou.
<b>L</b>	<b>Skakel:</b> Kandidaat moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is.

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie

^

- Verkeerde stelling

\_\_\_\_\_

- Irrelevante stelling

|  
|  
|

- Herhaling

R

- Analise

A√

- Interpretasie

1√

- Argument

LOA ↑↓

## 2.5 Die matriks

### 2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

- (a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	

- (b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 3	



- (c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	}26–27
A	VLAK 3	

### KOMMENTAAR

Sommige weglatings in die inhoudsdekking.  
Poog om 'n argument te handhaaf.

**Globale Nasienmatriks vir Opstelle: Totaal: 50**

	<b>VLAK 7</b>	<b>VLAK 6</b>	<b>VLAK 5</b>	<b>VLAK 4</b>	<b>VLAK 3</b>	<b>VLAK 2</b>	<b>VLAK 1*</b>
<b>AANBIEDING</b>   <b>INHOUD</b> 	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
<b>VLAK 7</b> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is.	<b>47–50</b>	<b>43–46</b>					
<b>VLAK 6</b> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is	<b>43–46</b>	<b>40–42</b>	<b>38–39</b>				
<b>VLAK 5</b> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante.	<b>38–39</b>	<b>36–37</b>	<b>34–35</b>	<b>30–33</b>	<b>28–29</b>		
<b>VLAK 4</b> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			<b>30–33</b>	<b>28–29</b>	<b>26–27</b>		
<b>VLAK 3</b> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				<b>26–27</b>	<b>24–25</b>	<b>20–23</b>	
<b>VLAK 2</b> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					<b>20–23</b>	<b>18–19</b>	<b>14–17</b>
<b>VLAK 1*</b> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						<b>14–17</b>	<b>0–13</b>

**\*Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1: (0–13 Punte-omvang)**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; min poging om die opstel te struktureer = 7–13

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE****VRAAG 1: HOE HET BERLYN IN 1948 DIE FOKUSPUNT IN KOUE OORLOG SPANNING TUSSEN DIE SOWJETUNIE (USSR) EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) GEWORD ?**

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A - V1]*

- ' Verenigde State / VS'
- 'Brittanje'
- 'Sowjetunie' (3 x 1) (3)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A-V1]*

- "Roosevelt en Churchill het Stalin oortuig om 'n sone vir Frankryk te skep' wat aan drie invalle en twee oorwinnings in die hande van Duitsland binne sewentig jare geboet het' (1 x 1) (1)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Om te verhoed dat Duitsland sy bure in die toekoms aanval / voorkom Duiste uitbreiding na Oos-Europa
- Duitsland was blameer as die oorsaak van die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog-en moes verswak word
- Duitsland het ekonomiese swaarkry na Europa gebring
- Om vrede in Europa te handhaaf
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Die stad van Berlyn sou as 'n pion deur die Sowjetunie gebruik word om hul verskille met Westerse magte te skik
- Die stad van Berlyn sou deur Westerse magte geisoleer word omdat dit deur die Sowjet sone omring is
- Westerse magte was bekommerd dat die besluite wat oor die stad van Berlyn geneem is mag deur die Sowjetunie domineer word/ om die verspreiding van kapitalisme te stop
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Definisie van historiese term uit Bron 1B – V1]*

- 'n plek verseël/sluit sodat mense en goedere dit nie kan binne gaan en verlaat nie
- Vryheid van beweging van een plek na 'n ander te keer/Struikelblokke te plaas om 'n persoon se pad toe te maak
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B - V2]*

- Die VSA sien die Berlynse Blokkade as opstelike aksie deur die Sowjetunie om armoede na Berlyners te bring
- Die VSA het die blokkade as 'n dreigement tot die administrasie van sy sone beskou
- Die VSA sien die blokkade as 'n besluit wat die Sowjetunie geneem het sonder om met ander lande te bespreek
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

